**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Hersiening Nr. : 64/2013

In die hersiening tussen:-

**DIE STAAT**

en

**NUTRICIA LELALA**

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* JORDAAN, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** JORDAAN, R

---

**GELEWER OP:** 28 MAART 2013

---

[1] Die beskuldigde is aangekla van kindermishandeling ter oortreding van Wet 74 van 1983. Sy het skuldig gepleit en is ooreenkomstig haar pleitverduideliking skuldig bevind.

[2] Voordat sy gevonnis is, het die verhoorlanddros besef dat die betrokke Wet vervang is deur die Kinderwet Nr 38 van 2005 en dat sy derhalwe in terme van die verkeerde Wet aangekla en skuldig bevind is.

[3] Die saak is gestuur vir ‘n spesiale hersiening in terme van Artikel 304(4) van die Strafproseswet Nr 51 van 1977. Die landdros versoek dat die skuldigbevinding uit die hoofde van die voorgaande fout tersyde gestel word en dat die saak terug verwys word ten einde *de novo* te begin.

[4] Daar is geen twyfel dat die skuldigbevinding uit hoofde van die voormelde omstandighede nie korrek is nie en dat gevolg gegee moet word aan die versoek van die landdros.

[5] Soos wat die klagstaat tans lui, is die beskuldigde steeds aangekla onder die verkeerde Wet en sou ‘n terugverwysing vir doeleindes van ‘n *de novo* verhoor in terme van die bestaande klagstaat geen doel dien nie. Dit is derhalwe slegs nodig dat die skuldigbevinding tersyde gestel word en sal dit die Staat vry staan om haar opnuut aan te kla, onder die korrekte Artikel van die nuwe Wet.

[6] Gevolglik word die skuldigbevinding tersyde gestel.

**A.F. JORDAAN, R**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

/sp